**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601 Faks: (012) 332 2457
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za

25 September 2025

Geagte ouer

**FORMELE KENNISGEWING VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN OUERS 2025**

Ingevolge die bepalings van die BELA-wetgewing is die Algemene Jaarlikse Ouervergadering van Hoërskool Oos-Moot vervroeg van November na Oktober. Hiermee die korrekte en formele datum van dié vergadering.

Die beheerliggaam van Hoërskool Oos-Moot nooi ALLE ouers vriendelik uit na die algemene jaarvergadering op:

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | **28 Oktober 2025** |
| Tyd | : | **18:00 vir 18:30** |
| Plek | : | **Oos-Moot skoolsaal** |

Tydens hierdie algemene jaarvergadering sal -

- die hoof en die voorsitter van die beheerliggaam 'n verslag, oor die skool, vir die afgelope jaar voorlê;
- die 2024, geouditeerde finansiële state beskikbaar wees;
- die begroting vir 2026 sal voorgelê word vir goedkeuring.

Belangrike inligting -

- Dokumente kan 14 dae voor die vergadering by die skool besigtig word.
- Slegs ouers soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet sal tot die vergadering toegelaat word.
- 'n Kworum van 10% is vir hierdie vergadering nodig.
- Beide ouers mag stem.
- Indien 'n kworum nie verkry word nie, sal 'n tweede vergadering plaasvind op **29 Oktober 2025, om 18:30 in die skoolsaal**. Volgens wet hoef daar nie tydens die tweede vergadering 'n kworum te wees nie.

***Let wel:***

- Die begroting vir 2026 is by die skakel beskikbaar.
- Die finansiële state vir 2024 is per afspraak (finansies@oos-moot.co.za), ter besigtiging beskikbaar by die skool se finansies kantoor.
- Geen kopieë van die state mag gemaak of foto's daarvan geneem word nie.
- Enige navrae kan gerig word aan mnr George Wolfaardt (Beheerliggaam: Tesourier) by wollies@lantic.net. Stuur asseblief 'n kopie van u e-pos navraag aan finansies@oos-moot.co.za.

Agendapunte

1. Verwelkoming deur die Voorsitter van die Beheerliggaam
2. Goedkeuring van vorige notule
3. Verslag oor 2025
4. Goedkeuring van 2024 finansiële state
5. Voorlegging van die Voorgestelde Resolusie vir 2026 deur die Voorsitter
6. Voorlegging van die voorgestelde 2026 Begroting deur die Tesourier
7. Stemming deur ouers
8. Sluiting van vergadering

Die uwe

Advokaat JC Erasmus
Voorsitter van die Beheerliggaam

Mnr G Wolfaardt
Tesourier van die Beheerliggaam